

Droogteverslag



Stof tot stof

Dr. Eugene Brink



**Solidariteit
Beweging**

1. Wat is die oorsprong van die droogte?
2. Wat is die unieke impak op boere en die landbousektor?
3. Wat is die impak op maatskaplike bestendigheid?
4. Wat is die impak op die Suid-Afrikaanse publiek?
5. Wat hou die toekoms in?

Stof tot stof



I. Wat is die oorsprong van die droogte?

Daar word wyd erken dat die El Niño-weerverskynsel 'n sleutelrol in die huidige droogte speel. Hierdie verskynsel lei daartoe dat die temperatuur van die Stille Oseaan se oppervlakwater naby die ewenaar begin styg. Dit kom elke twee tot sewe jaar voor en volgens die Verenigde Nasies (VN) se noodlenigingsliggaam, die Kantoor vir die Koördinerende Humanitêre Sake, gaan “miljoene wêreldwyd geraak word”.

Dit het sedert Maart 2015 in krag toegeneem en groot verwoesting gesaai met droogtes in Afrika en vloede in die Noordelike Halfrond. Weerstelsels is in 2015 heeltemal omvergegooi en nie minder nie as vyf vastelande word hierdeur geraak. “Dit is waarskynlik die sterkste El Niño in die afgelope 100 jaar,” sê Jerome Lacou, 'n klimaatkenner by die Franse weardiens Meteo France, aan AFP. Hy kwalifiseer dit egter deur daarop te wys dat akkurate metings eers sedert die middel van die 20ste eeu gedoen word.

El Niño word gewoonlik verbind met ondergemiddelde reënval en bogemiddelde temperature tydens die middelsomertydperk van Desember tot Februarie. Die Suid-Afrikaanse Weardiens sê egter ofskoon die suidelike deel van Afrika gewoonlik ondergemiddelde reënval tydens El Niño-jare ondervind, kan dit nie as 'n reël

aanvaar word nie. Die 1997-98 El Niño was een van die sterkstes op rekord, maar ondergemiddelde reënval is nie oor die hele Suid-Afrika aangeteken nie. Sekere streke het 'n oormaat reën gekry weens die vogtige lug wat vanaf die Indiese Oseaan ingevloei het. Die huidige El Niño se impak oortref die 1997-98-verskynsel in die temperatuur van die oseaan se oppervlak (wat 3 °C warmer is as destyds) asook die reikwydte van die impak.

Daar was ook 'n kumulatiewe uitwerking. Dr. Francois Engelbrecht van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), Caradee Yael Wright, spesialis-wetenskaplike by die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad, en Neville Sweijd, waarnemende direkteur van die Toegepaste Sentrum vir Klimaat- en Aardstelselwetenskap, skryf op die aktualiteitswebwerf The Conversation dat Suid-Afrika in elk geval 'n bestaande droogtetoestand beleef het voordat die 2015-El Niño 'n impak gehad het. “Dit was omdat die twee vorige reënseisoene met ondergemiddelde reënval oor groot gedeeltes van die land gepaardgegaan het. Daar was 'n swakkerige El Niño in 2014. Die situasie is derhalwe hierdie somer ernstiger en El Niño veroorsaak nou 'n derde seisoen met ondergemiddelde reënval en bogemiddelde temperature.”

Wetenskaplikes van die WNNR, die SA Weerdiens, verskeie universiteite en ander organisasies het by 'n plaaslike klimaatberaad in November verklaar dat 2015 die warmste jaar in 150 jaar van weermeting in Suid-Afrika is. Omri van Zyl, uitvoerende direkteur van Agri SA, het die erns en uniekheid van die droogte in 'n onderhoud op Litnet as volg opgesom: "Die droogtetoestand is soortgelyk aan die 1984-droogte wat skaal en omvang betref. In 1992 was daar ook 'n redelik groot droogte wat die staat destyds R3 miljard gekos het. Kenners sê dit gebeur om en by elke 22 jaar."

2. Wat is die unieke impak op boere en die landbousektor?

Prof. Johann Kirsten, hoof van die Departement Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria, sê die totale gemiddelde reënval vir 2015 is die laagste sedert 1904 – 403 mm in 2015 teenoor 608 mm per jaar sedertdien. “Dit is selfs laer as in die groot droogte van 1992 en die depressie se droogtejare tussen 1930 en 1933.

“In daardie jare (veral 1992-93) was droogtehulp beskikbaar en het staatswaarborge gehelp om oorlaatskuld af te skryf en boere 'n geleentheid vir 'n nuwe begin te gun. Hierdie is die eerste landswye droogte sedert 1994 en derhalwe die eerste een wat die nuwe regering moet hanteer.

“Daar bestaan egter geen risiko- en rampprogramme om die produksiebasis van ons landbousektor te verseker en te versterk nie.”

Prof. Johan Willemse, landbou-ekonoom aan die Universiteit van die Vrystaat, en sy kollegas voer in 'n onlangse verslag aan dat daar 'n negatiewe langtermynimpak sal wees omdat Suid-Afrika nie tans 'n veiligheidsnet vir boere het nie. Hulle voer voorts aan dat boere tydens droogtejare hul eie reserwes of kapitaal gebruik om bykomende leenkapasiteit vir hul bedrywighede te hefboom om sodoende die verliese van die huidige en vorige jaar te absorbeer. “Selfs belangriker is dat – weens die gebruik

van hul eie kapitaal – kapitaalreserwes uitgeput word en dit skep die scenario waar krediet gebruik word om produksiekoste vir die komende jaar te finansier,” lui die verslag.

Hulle skryf voorts dat baie boere nie in staat was om in 2015 voldoende insetfinansiering vir die huidige produksieseisoen te kry nie. Dit is vanweë die likwidasië van sekere insetfinansieringsmaatskappye en ook weens die hoë risiko's om geld aan sukkelende boere te leen, veral as die moontlikheid van nog rentekoersverhogings in ag geneem word.

Veral veeboere word benadeel. Hulle bevind hulle in 'n situasie waar hulle hul kontant moet gebruik om voer aan te koop om sodoende hul diere reg te kry om verkoop te word. Die probleem is dat voerpriese dramaties gestyg het en die beskikbaarheid daarvan deur die droogte belemmer word, en dit lei weer tot selfs meer noodslagting of -verkoop van diere en swakker pryse vir dié boere.

“Wat sake nog vererger vir veeboere is die kwessie van kontinuïteit. As die boer sy totale kudde, of altans die meeste daarvan, verkoop of slag, beteken dit hy verloor sy genetiese basis, wat oor 'n lang periode ontwikkel is. Dit sal hom 'n minimum van sewe jaar neem sy kuddeverliese te verhaal.”

Netwerk24 berig in November 2015 dat gevestigde sowel as opkomende kleinboere se weiding in Limpopo toe reeds uitgeput was. “Waar daar nog plek-plek bietjie weiding is, is dit onvoldoende en van 'n lae voedingswaarde,” het Drickus Botha, streekbestuurder van TLU SA se noordelike streek, aan die nuusdiens gesê.

Baie boere is gevolglik geldelik in die knyp. John Hudson van Nedbank se landbouafdeling in Johannesburg het aan Sake24 gesê talle boere ervaar groot finansiële druk en kontantvloei-probleme. Nico Groenewald, hoof van landbousake by Standard Bank, het die volgende gesê: “Droë toestande sal 'n impak op winsgewendheid hê weens laer opbrengste, en vir sommige produsente gaan dit 'n volslae misoes wees.”

Johannes Möller, president van AgriSA, het onlangs aan Netwerk24 gesê boere in Suid-Afrika gaan R20 miljard se droogtehelp benodig.

Die kumulatiewe uitwerking is dat die landbousektor in die derde kwartaal van 2015 'n afname van 12,6% aangeteken het. In die tweede kwartaal was dit -19,7%, en -18% in die eerste kwartaal. “En die ergste kom nog,” aldus Willemse.

Die ander, amper vergete, sektor wat swaar deur die droogte getref word, is die insetleweraars. Volgens Willemse sal hulle swaar deur verlaagde verkope getref word en sal hulle met onverkoopte voorraad en swaar finansiële verliese opgesaal word. “Trekke se verkope het in 2015 reeds met 20% gedaal en dorsmasjiene met 40%,” skryf hy.

Dieselfde uitdagings staan saad- en chemiese maatskappye in die gesig en hulle sal ook groot surplusvoorrade hê en derhalwe groot verliese ly. Hierdie leweransiers, asook die boere, veg boonop 'n buitengewone stryd aan meer as een front met die verswakkende rand wat die invoerkoste van olie, chemikalieë en kunsmis aansienlik opstoot.

3. Wat is die impak op maatskaplike bestendigheid?

Klaus Schwab, voorsitter van die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF), dui in sy Wêreldrisiko 2016-verslag aan dat maatskaplike onstabieliteit Suid-Afrika se tweede grootste risiko is. Dit is daarom nodig om te bepaal watter impak die droogte hierop het en in die toekoms gaan hê.

Volgens prof Andre Duvenhage, hoogleraar in politiek op die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus, gaan die droogte as sodanig nie noodwendig 'n wesenlik impak op die sosio-politieke bestendigheid van Suid-Afrika hê nie.

“Die werklik impak gaan wees as dit saam met ander bestaande politieke, ekonomiese en maatskaplike faktore as 'n samehang gevoel gaan word. Saam kan hulle tot 'n kantelpunt lei en verandering meebring.”

Hy rangskik hierdie faktore in vier hoofgroeperinge. Die eerste een is die politieke konteks bestaande uit elemente soos die interne leierskapstryd binne die ANC en radikale beleidmaking; die tweede een is die verswakkende staat met swak regering op munisipale vlak, onbetroubare kragvoorsiening en powere bestuur van staatsinstellings soos die Suid-Afrikaanse Lugdiens; die derde een behels die politieke ekonomie en sluit komponente soos staatsuitgawes en traë ekonomiese groei in; en laastens

kom sosiale faktore soos verstedeliking, xenofobie, rassisme en ander demografiese faktore ter sprake. “Voeg 'n verkiesing en die impak van die droogte by en jy het 'n plofbare mengsel,” sê hy.

Hy voorsien egter nie 'n soort rewolusie of “volmaakte storm” nie, maar reken wel dat dit waarskynlik tot regimeverandering kan lei en dat die huidige stel omstandighede gunstig vir 'n soort Arabiese Lente is. “Ek glo nog in Jan Smuts se siening dat die ergste en die beste nooit in Suid-Afrika sal gebeur nie. Ek glo ons sal bly voortploeter en dat daar mettertyd 'n politieke herskikking sal plaasvind.

“Hierdie regimeverandering of herskikking gaan hom sowel binne as buite die drieparty-alliansie afspeel, maar grootliks binne die ANC. Die party sal aanhou om steun by die stembus te verloor, maar die groot verandering sal intra-ANC gebeur met die faksies wat wedywer om mag en invloed te bekom. En dit gaan beslis groter as 'n verandering van party wees.”

Hy noem ook dat die droogte ander dele van die Suider-Afrikaanse streek tref en dat dit verdere druk op politieke stabiliteit sal plaas. “Mens moet onthou dat die droogte ook ander lande in ons onmiddellike omgewing, sowel as lande elders op die vasteland, sleg beïnvloed.

Selfs al gaan dit baie goed, migreer mense na Suid-Afrika vir beter werkgeleentheid en lewensomstandighede. Dit gaan nou net versnel omdat dit vir baie mense 'n oorlewingsaangeleentheid word."

4. Wat is die impak op die Suid-Afrikaanse publiek?

Die impak wat die droogte op die landbousektor het, sal uiteraard die aanplant en verbouing van gewasse, waarvan baie as stapelvoedsel dien, drasties beïnvloed en derhalwe in die vorm van verhoogde voedselpryse manifesteer.

Kirsten sê mielieproduksie het skerp gedaal en boere sukkel om weiding en voer te kry, wat dus die produksie van vleis belemmer. “Mieliepryse is reeds die hoogste in en sal op invoerpariteit bly en waarskynlik nou met die wisselkoerse en internasionale pryse varieer.

“Ons sal waarskynlik sowat 4 miljoen ton mielies moet invoer, terwyl kleiner en bestaansboere sukkel met huishoudingvoedselsekerheid. Die goeie nuus is dat vleispryse nou eers sal daal soos boere hul kuddes kleiner maak en dan, soos boere hul kuddes in beter jare opbou, sal vleispryse weer styg. Die koste van voer vir braaikuiken-, eier- en suiwelprodusente sal hoog wees en sal waarskynlik tot prysstygings by hierdie kommoditeite lei.”

Willemse en sy kollegas skryf in hul verslag dat voedselinflasie aansienlik sal vererger en dat droogtegeteisterde Suid-Afrika met die rentekoersverhogings en wisselkoersverswakking 'n dubbele krisis in die gesig staar. “Verbruikers in die laerinkomstegroepe sal die impak van hoër inflasie die hardste

voel, aangesien basiese voedselpryse skerp sal styg en huishoudelike inkomste dramaties sal afneem. Kortom, die bedreiging geskep deur die droogte is dat basiese voedselpryse – soos dié van meliemeel en groente – in die afgelope jaar verdubbel het en dat die stygingskoerse versnel terwyl die droogte weier om te breek.”

“Slegs 'n geraamde 60% van die benodigde mielies is aan die einde van Desember geplant en die aanplantvenster is nou toe. Hierdie syfer is 40% vir sojabone en die venster is ook toe. Hierdie suboptimale oeste gaan regdeur die ganse waardeketting in 2016 en daarna gevoel word.”

Paul Joubert, senior ekonomiese navorser by die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI), wys daarop dat die prys van witmielies tussen September 2014 en Januarie 2016 met 'n kolossale 180% gestyg het. Hy voorspel 'n prys van R56 vir 'n 5 kg-sak meliemeel teen Maart vanjaar. Dit is 'n verdere R18 hoër as November 2015 se prys van sowat R38.

Graan SA het onlangs gesê Suid-Afrika sal weens die droogte moontlik tussen vyf en ses miljoen ton mielies moet invoer. Daar is kommer dat die land se vervoerinfrastruktuur nie hierdie lading sal kan dra nie.

By die skryf van hierdie verslag was die prys van witmielies reeds meer as R5 000/ton. Ronald Ramabulana, uitvoerende hoof van die Nasionale Landboubeoordelingsraad, sê hierdie verwickeling kan die basiese voedselmandjie meer as 25% duurder maak. Jannie de Villiers, Graan SA se uitvoerende hoof, sê die probleem is dat witmielies nie geredelik in die wêreld beskikbaar is nie. Een van die min verskaffers van witmielies aan Suid-Afrika is die VSA, en die swak wisselkoers van die rand teenoor die Amerikaanse dollar sal 'n nadelige impak op die prys daarvan hê.

Benewens die impak van die droogte op voedselpryse het dit ook tot waterskaarstes in veral die sentrale en noordelike dele van die land gelei. Vyf provinsies is tot rampgebiede verklaar en plekke soos Senekal in die Vrystaat is besonder hard getref. News24 berig byvoorbeeld dat 'n man onlangs daar dood is toe hy in 'n tou vir water moes wag. Hy het 'n hartaanval gekry weens die hitte en ontwatering. 'n Ander vrou wou selfs selfmoord pleeg. "Ek kon dit net nie langer hanteer nie. Dit is net te veel. Alles het heeltemal opgedroog en ons hardloop net hier rond op soek na water," het sy gesê.

In Limpopo het inwoners van Bokwidi, noordwes van Polokwane, nou in die Mogalakwena-rivierbedding begin grou

vir water om hul klere te was en hul lewende hawe water te gee. 'n Veeboer, William Mokoka (73), sê hy het in sy lewe nog nooit die Mogalakwenaarivier sonder water gesien nie. "Hierdie rivier het sedert my geboorte nog nooit opgedroog nie, maar nou is daar geen rivier hier nie," het hy gesê.

Waterbeperkings vir Pietermaritzburg en omstreke is ook op hande. Die Midmardam is slegs 47% vol – die laagste vlak in jare – en die uMgungundlovu-distriksmunisipaliteit het besighede en gemeenskappe gewaarsku oor die dwingende behoefte om waterbeperkings in te stel.

Die publiek het in hierdie uitdagende tye ook vindingryk geraak en Water Shortage South Africa het spontaan as hulpverleningsinisiatief op Facebook ontstaan. Die Facebook-blad is deur Caroline Saasen gestig en het fenomenale groei getoon. Sy het 'n beroep op mense gedoen om water na droogtegeteisterde gebiede te neem as hulle toevallig daar verbyry. Dit het daartoe gelei dat daar op 18 Januarie reeds 2 miljoen liter water in 20 dae aan mense in nood gelewer is.

5. Wat hou die toekoms in?

By die skryf van hierdie verslag het daar reeds goeie reën oor dele van die land geval. Dit het helaas te laat vir mielie-aanplanting gekom en nog meer is nodig om 'n wesenlike verskil te maak. Hef aan lê nog voor en die werklike pryskokke sal waarskynlik eers later vanjaar gevoel word.

“Die vlak van damme en riviere is steeds laag en grondvogvlakke is nog glad nie wat dit moet wees nie. Ons sal behoorlike reën moet kry, tot so einde Maart, maar dan moet dit wydverspreide reën wees. Nou kry ons op die een plek (reën), maar op die ander nie. Dis 'n tipiese El Niño-verskynsel,” het Van Zyl aan Beeld gesê.

Hy sê voorts dat produsente nou op die plant van ander gewasse as mielies, soos sonneblom en voer, fokus. Die voorsiening van voer kan egter gedurende die wintermaande 'n probleem vir die rooivleisbedryf word.

En die koeler weer in Januarie 2016 is nie permanent nie. Die Suid-Afrikaanse Weerdiens voorspel dat die warm en droë toestande nog ten minste twee maande gaan voortduur voordat die herfsweer koel verligting gaan bring.

Die goeie nuus is dat daar redelike konsensus bestaan dat die huidige El Niño-verskynsel reeds die hoogtepunt bereik het en nou sy fut verloor. Cobus

Olivier, navorser by die SA Weerdiens, het aan Netwerk24 gesê dit wil voorkom asof El Niño reeds in Desember sy piek bereik het of dit in Januarie sal doen. Dit kan glo nog vyf tot ses maande duur voordat dit neutraal word. Daar word derhalwe verwag dat ondergemiddelde reënval in die somerreëgebiede en bogemiddelde temperature steeds ondervind sal word.

Daar is ook 'n redelike moontlikheid dat die huidige El Niño later in die jaar gevolg kan word deur 'n La Niña, wat met bogemiddelde reënval in die somerreëgebied gepaardgaan. Die weerkenner prof. Peet Pienaar se reënverwagtinge vir die volgende paar maand is as volg:

- Sterk moontlikheid van minivloede tussen 24 en 31 Januarie.
- Reën van 10 tot 11 Februarie
- Reën van 9 tot 12 Maart
- Reën van 6 tot 8 April
- Reën van 5 tot 6 Mei
- Reën van 5 tot 8 Junie

Bronne:

- Netwerk24
- Landbou.com
- Litnet
- Mail&Gaurdian
- Sake24
- Beeld
- Business Day
- Pretoria News
- The Conversation
- Solidariteit Blog
- Spesiale dank aan proff. Johann Kirsten, André Duvenhage en Johan Willemse vir hul hulp met die opstel van die verslag.

Stof tot stof

